# DAG 5

## Voëls Vlieg en Visse Swem!!

Génesis 1:20-23 "En God het gesê: Laat die **waters wemel** met 'n gewemel van **lewende wesens**, en laat die **voëls oor** die aarde vlieg langs die **uitspansel van die hemel**.

En God het die groot **seediere** geskape en al die lewende wesens wat beweeg, waar die waters van wemel, **volgens hulle soorte**; en al die **gevleuelde voëls volgens hulle soorte**.


DIE 5DE DAG HET AANGEBREEK!!!

Julle kan onthou dat God die vorige 4 dae alles in gereedheid gebring het sodat daar lewe op aarde kan wees.

Die aarde se temperatuur is reg en daar is lig en tyd en kos en suurstof en water en alles wat nodig is vir mens en dier om te kan oorleef.

Nou is als reg vir die aarde se eerste bewoners.

*Toe God 'n Woord spreek toe wemel die Hele see met elke seedier volgens sy soort.*



As ons moet begin dink aan elke diertjie en vissie in die water. Van die kleinste seeslakkie, tot die grootste blouwalvis. Die seekatte, die seeskilpaaie, die seesterre, die haaie, korale, jellievisse, dolfyne, die klein krill en sardientjies. Die bietjie groter visse soos kabeljou, geelvisse, babers. Klein krappies en krefies en ja selfs mariene dinosaurusse het God op dag 5 geskape deur net te spreek.

Interresant: Die grootste seedier is die blouwalvis. Dit was aan die begin en is vandag nogsteeds. Die bene van hierdie groot mariene dinosaurusse wat ontdek is, is nogsteeds nie so groot soos die blouwalvis nie.





Hierdie is 'n Puffer fish mannetjie se kuns om die aandag van 'n wyfie te kry.

*Ook was die Hemele vol vlieënde diere volgens hulle soorte.*

*Van Dinosaurusse wat vlieg tot Die kleinste Mossie*



Voor dag 5 was alles redelik stil. Al wat mens kon hoor

was moontlik die water en dan dalk die windjie wat deur die bome waai. Maar toe God die voëls gemaak het..... Elkeen het hulle eie lied wat hulle sing.

Dit moes ook iets gewees het om te aanskou.

As ons vroeg in die oggend, net voor die son opkom wakker is, hoor ons die voëltjies in die bome waar hulle 'n nuwe dag aankondig. Dit is die mooiste geluid. God het elke voëltjie so mooi en spesiaal gemaak. Wat ook so besonders is van hulle is dat die mannetjies beslis

mooier is as die wyfies en hulle is gewoonlik die met die helder kleure en mooiste vere. Dink bevoorbeeld aan ‘n pou, of selfs iets eenvoudigs soos ‘n vinkie of ‘n mossie. En dat die mannetjies ook baie mooi kan dans om die wyfies se aandag te trek....



Wat ook baie interessant is, is hoe hierdie voëls gemaak is, hulle skelet, hulle vere en ook selfs hulle snawels. ‘n Voël se bene binne is sy liggaam is hol waar ‘n mens se skelet harde digte bene is. As ‘n mens bv ‘n Toucan vat, dit is gemaak uit keratin wat soos ‘n sponserige fibers is. Dink jouself in dat as sy snawel harde, digte been was hy sou nie sy nek kon lig nie.




God kyk oor Sy skepping op die 5 de dag en sê dat als goed is.

Daarby seën Hy ook Sy skepping om dan te vermeerder en die aarde te vul.

Hy het elke vissie en elke voëltjie klein of groot met soveel fyn detail gemaak. En wat so absoluut ongelooflik is, is dat elke een ‘n maat het wat by hom pas.

**‘n Paar Vragies**

1. Het God die visse volgens hul soorte en Voëls volgens hulle soorte gemaak?

   ____________________________________________________________

2. As jou antwoord Ja is? Kan dit waar wees dat ‘n Walvis later ‘n Bees kan word en ‘n seeleeu byvoorbeeld ‘n beer?

   ____________________________________________________________

   (Ons moet altyd onthou dat Die soorte gemaak is om bymekaar te pas. Elke soort is gemaak vir sy spesifieke doel en aanpassing by sy omgewing)

3. Wat het God oor die 5de dag gesê en wat was die opdrag daarmee saam?

   ____________________________________________________________

   ____________________________________________________________